e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 Julie 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 21

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Staking in die platinumgordel

Rustenburg en omgewing was welvarend tot 23 Januarie 2014. Toe het dinge dramaties verander – meteens het 'n welvarende stad en omgewing ontaard in 'n ekonomiese én maatskaplike ramp.

Rustenburg, aan die voet van die Magaliesberge in die Noordwes-provinsie, was een van die snelgroeiendste stede in die land. Mynbou het gesorg vir meer as 'n derde van Noordwes se bruto binnelandse produk. Nagenoeg 94% van Suid-Afrika se platinum kom van die distrikte Rustenburg en Brits, wat meer van hierdie kosbare silwerwit metaal produseer as enige ander gebied ter wêreld.

Op 23 Januarie 2014 begin Amcu-lede met 'n staking by Lonmin, Anglo American Platinum (Amplats) en Impala Platinum (Implats). Hulle dring aan op 'n intreevlaksalaris van R12 500 per maand. Na vyf maande van die langste staking in die geskiedenis van Suid-Afrika het Amcu op 23 Junie 2014 'n loonooreenkoms vir die volgende drie jaar geteken. Ingevolge die skikking sal die laagsbesoldigde werkers vir twee jaar 'n verhoging van R1 000 per maand kry en R950 vir die derde jaar.

Die effek wat hierdie staking op Rustenburg en omgewing het, is rampspoedig. Inwoners is ten tye van die staking met verlof en later met onbetaalde verlof gestuur. Dit het inwoners van alle inkomste ontneem. Geen bonusse en oortyd is meer betaal nie. Die effek is dat honderde, selfs duisende, gesinne versorg en gevoed moet word. Volgens 'n boekhouer help hy tans 83 maatskappye wat moet sluit. In een week is daar soveel as 300 voertuie deur banke teruggeneem. Skole se skoolgelde is agterstallig. Bedrae wat genoem word, is R2,9 miljoen, R1,5 miljoen, R1,4 miljoen en R1,2 miljoen per skool. Gemeentes se offergawe-inkomste is onder druk, lidmaatgetalle daal vanweë die feit dat lidmate elders 'n heenkome gaan soek.

Voedingskemas by skole het met 200% toegeneem. Die een skool se voedingskema het geëskaleer van 75 kinders per dag tot 220 kinders per dag, nog een van 25 kinders per dag tot 100, 'n ander een van 50 kinders per dag tot 170. Die een skool het 'n sopkombuis begin en enige leerder kan daagliks tussen 06:30 en 07:30 'n koppie sop en *two minute noodles* kom eet.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is weens die staking onder geweldige druk. Die drie platinumprodusente het reeds nagenoeg R23,92 miljard se verliese gely en werkers het R10,69 miljard se inkomste verbeur. Die verliese is nog nie oor nie aangesien dit minstens drie maande sal duur voordat die myne weer ten volle op dreef sal wees. Die werkers moet almal weer mediese toetse ondergaan en geakklimatiseer word om in die ondergrondse hitte te kan werk.

Naas die ekonomiese ramp wat die staking tot gevolg het, is dit ook 'n maatskaplike ramp. Gesinne is verarm en ontwortel. Die selfbeeld van broodwinners is geskaad. Egskeidings en selfmoord vind plaas. Die staking is traumaties wat emosies, selfbeeld en selftrots aanbetref. Rustenburg en omgewing sal nog lank 'n gebroke gemeenskap wees. Die pad na herstel sal moeilik en tydsaam wees!

Die staking het tog ook sy voordele gehad. In Rustenburg het ons opnuut geleer dat niks vanselfsprekend is nie. Alles is genade. Saamstaan en omgee het alledaagse taal geword. 'n Netwerk het tussen kerke, skole en organisasies ontstaan en oor die land uitgekring, selfs oor die grense van ons land heen. Oor 'n breë spektrum van die samelewing het gemeentes, gemeenskappe en barmhartige samaritane geld, klere, niebederfbare voedselprodukte, groente en vleis gestuur om die noodlydendes te versorg. Verootmoediging, bid en glo het geloofstaal geword… en op 23 Junie 2014, so glo ons, het die Here die uitkoms gegee. Daaroor sal ons met mond en hart die Here loof!

Aan elkeen wat aan Rustenburg en omgewing hulp verleen het en steeds daarmee volhard, wil ons dankie sê met die woorde van die apostel Paulus: *Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink* (Fil 1: 3).

Ds Nardus Enslin, Rustenburg-Kloof

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds S (Suzelle) Lange** (Rustenburg Jac van Belkum) (deeltyds) na Newlands (deeltyds)
- **Prof TFJ (Theuns) Dreyer** (emeritus) na Montana (benoeming)
- **Dr DJC (Daan) van Wyk jr** (Wolmaransstad) na ring van Zoutpansberg (benoeming vir besondere opdrag)

Ds Suzelle Lange

Prof Theuns Dreyer

Beroep aanvaar

- **Prof MJ du P (Bieks) Beukes** (emeritus) na Durban-Suid (deeltyds)
- **Prof TFJ (Theuns) Dreyer** (emeritus) na Montana (benoeming)
- **Dr DJC (Daan) van Wyk jr** (Wolmaransstad) na ring van Zoutpansberg (benoeming vir besondere opdrag)

Dr Daan van Wyk jr



Prof Bieks Beukes

Vakante standplaas

- **Gemeente Grimbeekpark** in Potchefstroom het ’n werksruimte vir **deeltydse bediening** met **gedeeltelike versorging** geskep wat **per werksooreenkoms jaarliks gevul** kan word. Die werkopdrag en samestelling van die versorgingsvoordele sal met geskikte aansoekers bespreek word. Benewens blootstelling aan ampswerk in die breë, is die vestiging en uitbou van jeugbediening en die bediening aan jong gesinne die primêre bedoeling van die opdrag. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg asook om die pos te vul wanneer dit geleë is. In oorleg met die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) kan ’n student in sy of haar finale jaar ook oorweeg word. Aansoeke kan gerig word aan die voorsitter van die komitee verantwoordelik vir die beroepswerksaamhede, oudl Phonnie Smit, by e-posadres **pbd.psmit@offinet.co.za**. Aansoeke kan ingedien word **tot 18 Julie 2014**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Emerituspredikant **ds Louis Nel** is op Donderdag 3 Julie oorlede. Ds Nel is die vader van di Andries en Hennie Nel. Die roudiens vind plaas op Saterdag 12 Julie om 11:00 vanuit die kerkgebou van Gemeente Suidoos-Witbank. Ons innige simpatie gaan aan di Andries en Hennie en hul familie.

- **Mev Engela Buitendag**, vrou van prof Johan Buitendag, is Maandagmiddag 7 Julie oorlede na ’n lang stryd teen kanker. Die roudiens op Saterdag 12 Julie om 11:00 vanuit Gemeente Pretoria-Oos word gelei deur ds Gys Els. Ons bid prof Buitendag, hul seuns en ander naasbestaandes die Here se troos toe.

- **Mev Mariaan Steenkamp** van die Ondersteuningsraad **se vader** is Sondag 29 Junie oorlede. Ons innige simpatie gaan aan Mariaan en haar familie.

- **Mnr Leon de Munnik** van Gemeente Rietvallei, lid van die direksie van Ons Tuis en voorheen administrateur van die Hervormde Kerk, het onlangs sy heup beseer en op Vrydag 27 Junie ’n heupoperasie ondergaan. Ons bid hom algehele herstel toe.

- Emerituspredikant **ds Dirk du Toit**, woonagtig in die Alberton-aftreeoord en lidmaat van Gemeente Alberton-Wes, het op 8 Julie 'n (mini-) heupvervangingsoperasie ondergaan. Ons bid hom en sy vrou, Annatjie, sterkte toe.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Wanneer jy met 'n hardhorende bejaarde wil kommunikeer, trek eers sy of haar aandag. Raak liggies aan die persoon, of noem eers sy of haar naam voordat jy begin praat. Moenie sommer oor 'n nuwe onderwerp begin praat nie, maar laat jou gesprek aansluit by die vorige onderwerp en beweeg dan geleidelik na 'n nuwe onderwerp. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

Dr Johan, Sheryl en Jenna van Staden

- **Dr Johan van Staden** van Gemeente Sionspoort het op 3 Julie 'n PhD-graad ontvang tydens die gradeplegtigheid van die Universiteit van die Vrystaat. Die titel van sy proefskrif is *Church law as a ius sui generis in South Africa: A Reformed perspective.* Dr Van Staden het ook in Junie 'n gevorderde kursus in dispuutresolusie by die Harvard-universiteit in die VSA suksesvol voltooi. Baie geluk met die prestasies!

- **HOOF: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE**
  Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van **Hoof van die HTK** wat gesetel is aan die Universiteit van Pretoria. Die pos moet gevul word vanaf 2015.
  Van die Hoof van die HTK sal onder andere die volgende verwag word:
  - Praktykvorming van teologiestudente met die oog op gemeentelike bediening in die NHKA.
  - Ontwikkeling van 'n toepaslike kurrikulum vir die HTK ten opsigte van praktykvorming.
  - Ontwikkeling van toepaslike kursusmateriaal vir gemeentes en predikante.
  - Toerusting van ampsdraers en lidmate.
  - Fasilitering van bepaalde prosesse in gemeentes.
  - Ontwikkeling van bedieningsvaardighede van predikante.
  - Ontwikkeling van leierskapsvaardighede.
  - Skakeling met soortgelyke kolleges en opleidingsentra in die binne- en buiteland.
  - Oorhoofse bestuur van die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* in samewerking met die redakteur en redaksie.

  Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:
  - 'n Geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Oor 'n Doktorsgraad in die teologie beskik.
  - 'n PhD in Praktiese Teologie en 'n kwalifikasie in Bestuurswetenskap sal aanbevelings wees.
  - Moet gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings handhaaf en teologiestudente pastoraal kan begelei.
  - Op die hoogte wees van die huidige teologiese diskoers en daaraan kan deelneem.
  - Rekenaarvaardig wees.

  Aansoekers moet die volgende dokumente indien:
  - Volledige CV.
  - Gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies.
  - Name en kontakbesonderhede van twee referente.
  - 'n Selfevaluering van hoogstens een bladsy.
  - 'n Visie vir die uitbou van die HTK. Inligting oor die HTK is beskikbaar by **piet@nhk.co.za**.

  Van kandidate mag verwag word om 'n MBTI-vraelys te voltooi.
  Die pos bied die volgende voordele:
  - 'n Kontrakaanstelling vir 5 jaar.
  - Traktement in lyn met die Kerk se skale.
  - Behuisingstoelaag.
  - Verlof soos per verlofreglement van predikante in die Kerkorde (langverlof is

nie van toepassing op hierdie pos nie).
- Motortoelaag.

Aansoeke moet **voor of op 31 Julie 2014** ingedien word by mnr Piet Beukes, per faks by 086 630 5150 of per e-pos by **piet@nhk.co.za**.

- **47STE NASIONALE NHSV KONGRES 17-19 JULIE 2014**
  Afgevaardigdes na die Kongres word daarop gewys dat Kongresagendas reeds gepos is. Doen asseblief navraag by die toonbank van u poskantoor indien u dit nog nie ontvang het nie. Die volgende kunstenaars gaan die Kongresgangers tydens die Kongres vermaak: Op die openingsaand mnr Pieter van den Berg (orrel) met Albert van Wyk, Christiaan Herbst, Jeremy Fabian en Konrad Boshoff; Deon van Zyl as Grootseun; en di Cobus Manders en Mari du Plessis-Manders met ’n dansitem.

- **HALFDAG SEKRETARIËLE POS: GEMEENTE NABOOMSPRUIT**
  - Volledig Afrikaans en Engels magtig
  - Akkuraat en georganiseerd
  - Vriendelik, eerlik en betroubaar
  - Rekenaarvaardig
  - Goeie administratiewe vaardighede
  - Koördinering van funksies vorm deel van die pos
  - Ondervinding sterk aanbeveel

  Handig aansoeke in by die gemeentelike kerkkantoor
  of e-pos aansoek met CV na **nhknbs@telkomsa.net**
  Navrae: 014 743 1325

- SENTIK wil graag **beter kommunikasie** in die Kerk bevorder. ’n Vraelys wat kan vasstel hoe effektief die kerklike kommunikasie is, en wat lesers se mening oor die inhoud, formaat en waarde van die kerklike publikasies is, vorm die eerste deel van ’n omvattende proses van navorsing oor kommunikasie in die Kerk, en die resultate sal mettertyd bekendgemaak word. Ons sal dit baie waardeer **indien ons lesers die vraelys sal invul** deur die toepaslike kode te omkring. Ons vra vriendelik dat u ook die persoonlike inligting verskaf ter wille van verdere kommunikasie. Individuele antwoorde sal vertroulik gehou word, en slegs gesamentlike statistieke sal bekendgemaak word. U naam sal dus nie aan u antwoorde verbind word nie. **Ons moet die voltooide vraelyste voor 24:00 op Vrydag 25 Julie ontvang.** Kry die vraelys by die volgende skakel:
  http://www.itrresolutions.co.za/NHKA2014/vraelys.html

- **GEMEENTE IN BULAWAYO: UITNODIGING TOT DEELNAME**
  Ds Theuns Botha skryf soos volg: “Min lidmate in die Kerk is bewus van die uniekheid van die gemeente in Bulawayo. Weens die politieke en ekonomiese woelinge in die land, veral sedert die grondhervormingsbeleid in 2000, asook die meerderheidsaandele van die owerheid in besighede, het die NHKA-gemeente in Bulawayo die geloofsprong gemaak om in 2005 hul kerkgebou te verkoop en die geld te belê. Hulle het ingeskakel by die NGK en gedeel in alle gemeente-aktiwiteite. Talle Hervormde predikante het op maandelikse besoek hier in die NGK gepreek. In Junie 2011 besluit die NGK en NHKA in terme van die bilaterale ooreenkoms tussen die twee Kerke om formeel saam te werk en rig hulle ’n skriftelike versoek aan die twee Kerke se sinodale Kommissies. Dit word goedgekeur en die versoek om weer ’n predikant in Bulawayo – na ’n vakature van 12 jaar – te mag hê, word vervul toe ds Theuns en Adri Botha in Januarie 2012 hierheen gestuur is deur Gemeente Middelburg-Noord. Die gemeente bestaan uit oor die 100 lidmate van die susterskerke en daar is ook permanente besoekers van ander (Engelse) Kerke wat ’n tuiste by ons vind.

  Die Gereformeerde Kerk se wyk skakel ook spontaan by die gemeente in. Dit is die enigste standplaas van die NGK en NHKA wat vanuit die RSA deur albei Kerke befonds word. Deels uit die Zimbabwe-fonds van die NHKA, en medies en

pensioen word deur die NGK bekostig. Die plaaslike gemeente verskaf behuising in die NGK-pastorie, en die pastorie van die NHKA word verhuur. In 2008 het die NHKA die hele belegging van die kerkgebou verloor as gevolg van die inflasie en intuimeling van die Zimbabwiese dollar. Die gemeente van die Samewerkende Afrikaanse Kerke in Bulawayo bestaan deur die beskikking en genade van die Heer van die kerk en deur die deelnemers in die behoefte en nood in die gemeente. Hierdie behoefte het so toegeneem dat die gemeente in Februarie 2012 'n eie Kerkskool moes begin om behoeftige ouers te help. Tans het ons 21 behoeftige kinders in die skool op die kerkterrein. Ons is groot dank verskuldig aan al die deelnemers, besoekers, predikante, gemeentes en sinodale instansies wat ons ondersteun met hulp, raadgewing, voorbidding, besoeke en donasies. Ons gemeente kan nie bestaan sonder u deelname nie. Ons nooi elkeen wat hierdie berig lees uit tot deelname in ons gemeentebehoefte. Indien u ons gemeente finansieel sou wou ondersteun, hier volg die prosedure en besonderhede:

Bankbesonderhede
Bank: ABSA
Rekeningnaam: Raad van Finansies
Rekeningnommer: 020-000-287
Takkode: 632-005
Verwysing: 16BULA + Naam (Bv 16BULA Wapadrant)

Gemeentes moet asseblief NET die gemeentenaam of individu se voorletters en van intik. Betalingsbewyse kan gestuur word na ds Theuns Botha:
camelhors@gmail.com

Ons nooi u ook om aan te sluit by ons "Facebookblad-lidmate" by:
https://www.facebook.com/pages/Afrikaanse-Samewerkende-Kerke-BulawayoDutch-Reformed-Churches/137302096362582

Die heel lekkerste is natuurlik om al ons deelnemers te ontmoet. Kom kuier by ons in Bulawayo en ervaar ons lidmate se hartlikheid! Ons oproep is om deel te word van ons gemeente, ons het u nodig! Maar u kan ook baie van ons ontvang. Die uniekheid van ons gemeente is iets wat 'n mens saamdra vir die res van jou lewe. Vir my is dit 'n besondere voorreg om hier te kan werk solank die Heer van die kerk dit beskik. Aan Hom kom die eer toe!"

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Sondag 13 Julie om 11:00: Gemeente Sionspoort**
  Ordening en bevestiging van proponent Annézel Otto
  Oudl Paul Vorster sal die Kommissie van die AKV verteenwoordig

- **Sondag 27 Julie: Gemeente Klerksdorp-Suid**
  Bevestiging van ds Denise Schmidt
  Dr André Ungerer sal die Kommissie van die AKV verteenwoordig

- **Sondag 14 September: Gemeente Swartkop**
  Emeritaataanvaarding van ds Dries Beukes
  Prof Theuns Dreyer sal namens die Kommissie van die AKV optree
  Mnr Elmar Struwig sal namens die Raad van Finansies groete oordra
  Oudl Jan Beukes van die Kommissie van die AKV (en broer van ds Dries) sal ook teenwoordig wees

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 10 Julie: Dr DJC (Daan) van Wyk jr (Wolmaransstad)
  - Vrydag 11 Julie: Ds TL (Theuns) Botha (Zimbabwe)

- Saterdag 12 Julie: Ds A (Anna-Marie) Kloppers (Krugersdorp-Oos) en prof JA (Jimmie) Loader (buiteland)
- Sondag 13 Julie: Ds JHH (Jakkie) Jacobs (emeritus)
- Woensdag 16 Julie: Di JT (Jimmy) Manders (Witfontein), JAC (Jan) Rossouw (Clocolan/emeritus) en WPF (Piet) van Wyk (Sonlandpark/emeritus)
- Donderdag 17 Julie: Di W (Willem) Dykema (Bloemfontein), JJ (Johan) Greyling (Tarlton) en JF (Hannes) van der Merwe (Pretoria-Oos)

'n Gedig vir die koue

God die digter

Chili is deur 'n digter gemaak – Neruda

daar is meer poësie in die sneeuvlokkie
as in die letterkunde en baie meer poësie
in die miskruier in die toktokkie
in die meteorologie en entomologie
in die moremis en in die bergpiek
die horison wat in die hemel wegraak
in die rooswolk is daar baie meer liriek
die aarde is deur 'n digter gemaak

TT Cloete
(Uit: *Die baie ryk ure* 2001)

Beplande vergaderings

- Donderdag 17 tot Saterdag 19 Julie: NHSV Kongres

Allegaartjie

Neem jou voor om te luister, anders sal jou tong jou doof hou. (Meksikaanse spreekwoord)

Kursusse en toerusting

- **Die AGB (Werkgroep vir Bejaardes van die ADV): 12 Julie**
  Aanbieding oor bejaardesorg in Mosselbaai vir ring van Swellendam
  Bewusmaking van problematiek wat met ouderdom gepaardgaan
  Fokus ook op behoeftes van bejaardes
  en hoe gemeentes en veral diakonieë en die NHSV kan help
  Alle belangstellendes in omgewing van ring van Swellendam welkom
  Navrae aan diak Ina van der Westhuizen by 082 851 2572 /
  nedhervouteniqua@gmail.com

- **Konferensie oor Gesins- en Jeugbediening & Bybelvasvra**
  26-28 September
  Kwaggasrus Kampterrein
  Predikante, kerkraadslede, jeugmentors, ouers, jongmense en ander welkom
  Koste: R380 per persoon (2 nagte, 3 dae) kamp-akkommodasie
  en 5 etes ingesluit
  (chalets beskikbaar teen hoër tariewe)
  Vir inligting en besprekings rakende konferensie, skakel di Thinus van Staden (084 589 7035) of Marthinus van Staden (+267 7130 7197)
  Vir inligting en besprekings rakende Bybelvasvra, skakel di Stephen de Beer (083 781 2955) of Marius Bacon (083 297 6135)

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Vrydag 1 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Musiekaand met Jakkie Louw
  Plek: De Oude Werf
  Tyd: 18:30 vir 19:00
  Kaartjies: R100 per persoon, R50 vir laerskoolkinders
  Navrae: 013 932 2929 / 083 448 9563

- **Saterdag 23 Augustus: Gemeente Noordelike Pretoria word 80**
  Optrede van Liza Brönner
  10:00 in die kerkgebou
  Daarna plaasontbyt en lekker kuier (sap en koffie ingesluit)
  R100 vir volwassenes, R60 vir persone bo 65 en kinders onder 12
  12de Laan 512, Gezina, Pretoria
  Bespreek vroegtydig by Marian Jordaan 082 937 7562
  of gemeentelike kerkkantoor 012 335 9148

- **Vrydag 5 September: Gemeente Montana**
  Konsert met Burgerd en Zita
  Ten bate van barmhartigheid in ring van Noordelike Pretoria
  Wegneemetes vanaf 17:00, konsert 18:30
  Volwassenes R80, kinders R30
  Kaartjies beskikbaar by Montana-kerkkantoor 012 567 1753

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
  vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Rooihuiskraal: 4x4-pretdag vir die hele gesin**
  Saterdag 2 Augustus
  'n Kosstalletjie en springkasteel vir kinders met volwasse toesig
  terwyl ouers die roete ry
  Inligting en besprekingsvorms by **www.ebs4x4.co.za**

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017

of Alida Reed by 082 228 3552
of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30 by 011 826 4625

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met ’n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

- **Bulawayo: Gemeente-hulpfonds 2014: Kompetisie**
  Pryse is vleis of kontant soos u verkies
  Vir pastorale bediening aan bejaarde en behoeftige lidmate
  1ste prys: Halwe bees of R2 000
  2de prys: Agterkwart of R1 000
  3de prys: Skaap of R700
  Indien u wen, sal die vleis deur u naaste slaghuis aan u gelewer word
  Trekking Saterdag 6 September 2014
  Wenners sal skriftelik in kennis gestel word
  Bankbesonderhede:
  Bank: ABSA
  Rekeningnaam: Raad van Finansies
  Rekeningnommer: 020-000-287
  Takkode: 632-005
  Verwysing: 16BULA + Naam (Bv 16BULA Wapadrant)
  Gemeentes moet NET die gemeente naam of individu se voorletters en van intik
  Betalingsbewyse aan Marlene van der Merwe by
  vandermerwemarlene1@gmail.com
  Meld asb op u e-pos u naam, selnommer, e-posadres
  en die hoeveelheid inskrywings (veelvoude van R20)
  Navrae aan Marlene van der Merwe in Pretoria: 072 436 6714
  Boekies met kaartjies ook beskikbaar

ANDER NUUS

- Die **Ondersteuningsraad (OSR)** as welsynsorganisasie van die Hervormde Kerk het amptelik as **SEB-organisasie** geregistreer (*BEE: Black Economic Empowerment*). Hierdie registrasiesertifkaat kan van mev Ansie Cromhout by 012 322 8885 x290 of **oraad@nhk.co.za** aangevra word indien enige persone/ instansies/maatskappye donasies/skenkings wil maak. Al meer donateurs is slegs geneë om skenkings te maak aan welsynsorganisasies wat SEB-status het. Met die OSR se SEB-status sal daadwerklik gepoog word om meer donateurs te werf om die finansiële volhoubaarheid van die OSR te probeer verseker.

- **Donderdag 31 Julie 17:00 tot 22:00**
  Konferensie: *Die Belydenis en die onderwys*
  By Gereformeerde Kerk Die Kandelaar
  Ligte ete beskikbaar teen R30
  Bespreek vooraf vir ete by 012 332 4535 /
  kerkkantoor@gkkandelaar.co.za

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

Waarom dwing U my, Here, om hierdie woestyn oor te steek?
Ek kry seer in die dorings.
Al wat nodig is, is 'n teken van U,
dan verander die woestyn,
dan is die wit sand en die horison en die groot, stil wind
nie meer iets vreemd en iets toevallig nie,
maar 'n wye ryk waarin ek U leer ken.
(Antoine de Saint-Exupéry)

Thinus van Staden

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx